





STELLENBERG BYBELSKOOL
DIE KLEIN PROFETE




SESSIE 2

AMOS



SESSIE 2 – DIE KLEIN PROFETE AMOS



Hersiening van sessie 1

Die optrede van die geskrewe profete dateer tussen 930-586 vC en was 'n kritiese godsdienstige kommentaar op die koning en volk se gedrag wat spruit uit bepaalde politieke, ekonomiese en sosiale realiteite van die dag. Dit is teen hierdie agtergrond wat die Here vandag nog deur die Profete met ons praat. Dit daag vandag ons gevestigde denke, perspektiewe en manier van optree uit.

Dit is belangrik om van drie historiese gebeure, wat nou met die boodskap van die Klein-Profete saamhang, kennis te neem:

1. **Die skeuring van koning Dawid se koninkryk rondom 930 vC in twee aparte koninkryke.** Die Noordelike ryk (Samaria as hoofstad) van Israel onder die heerskappy van koning Jerobeam I. Die Suidelike koninkryk (Jerusalem as hoofstad) van Juda onder die heerskappy van koning Rehabeam (lees 1 Konings 12).
2. **Die vernietiging van die Noordelike koninkryk van Israel in 721 vC deur die Assiriërs (2 Konings 17:1-6).** Hierdie tragedie was die gevolg van koning Hosea se sameswering met die koning van Egipte, waarin hulle van die Assiriese oorheersing ontslae wou raak. Koning Hosea het ook versuim om die jaarlikse belasting wat aan Assirië verskuldig was te betaal. 'n Gedeelte van die volk is na Nineve in ballingskap weggevoer, 'n gedeelte het in Samaria agtergebleef, terwyl 'n gedeelte van die bevolking na die Suidelike koninkryk gevlug het.
3. **Die vernietiging van die Suidelike koninkryk (Juda) in 597/586 vC.** Toe koning Jojakim in 597 vC en daarna koning Jojakim in 586 vC teen koning Nebukadneser van Babilonië rebelleer het hy hierdie koninkryk verower (2 Konings 23:35 – 24:17). Hierdie gebeurtenis moet gesien word teen die agtergrond van Nebukadneser se onsuksesvolle veldtog teen Egipte. 'n Aantal koninkryke, waaronder Juda, het dit as 'n kans gesien om uit

Nebukadeser se swakheid munt slaan. Juda het hom egter totaal misgis en is deur die Babiloniërs na Babel in ballingskap weggevoer.

Wanneer ons na Amos en Hosea se boodskap, wat tydgenote was, kyk is die volgende belangrik om van kennis te neem: Koning Jerobeam II van Israel, die Baal godsdiens asook Bet-El waar Israel aanbid het.



Jerobeam II het Israel se grondgebied uitgebrei na die glorietyd van koning Dawid deur die Arameërs te verslaan (2 Konings 14:25). Ten tyde van Amos en Hosea het Israel hulle dus in 'n tyd van groot voorspoed bevind wat aanleiding gegee het tot allerhande vorme van oneerlikheid en korruksie. Die Baal godsdiens se voorspoed teologie het hierdie tyd in Israel baie gewild geraak.


Baal, god worshipped in many ancient Middle Eastern communities, especially among the Canaanites, who apparently considered him a fertility deity and one of the most important gods in the pantheon. As a Semitic common noun *baal* (Hebrew *ba'al*) meant “owner” or “lord,” although it could be used more generally; for example, a *baal* of wings was a winged creature, and, in the plural, *baalim* of arrows indicated archers. Yet such fluidity in the use of the term *baal* did not prevent it from being attached to a god of distinct character. As such, Baal designated the universal god of fertility, and in that capacity his title was Prince, Lord of the Earth. He was also called the Lord of Rain and Dew, the two forms of moisture that were indispensable for fertile soil in Canaan. In Ugaritic and Hebrew, Baal’s epithet as the storm god was He Who Rides on the Clouds. In Phoenician he was called Baal Shamen, Lord of the Heavens (Brittanica.com).



Bethel (Figuur 1) (Ugaritic: *bt il*, meaning "House of El" or "House of God",^[1] Hebrew: בֵּית אֱלֹהִים bēt' ēl, also transliterated *Beth El*, *Beth-El*, *Beit El*; Greek: Βαῖθηλ; Latin: *Bethel*) is the name of a place (a toponym) often used in the Hebrew Bible. It is first mentioned in Genesis 12:8 as being near where Abram pitched his tent. Later in Genesis, it is the location where Jacob dreamt of seeing angels and God, and which he therefore named Bethel, "House of God." The name is further used for a border city located between the territory of the Israelite tribe of Benjamin and that of the tribe of Ephraim, which first belonged to the Benjaminites and was later conquered by the Ephraimites (Wikipedia).

Bethel, (Figuur 1) ancient city of Palestine, located just north of Jerusalem. Originally called Luz and in modern times Baytin, Bethel was important in Old Testament times and was frequently associated with Abraham and Jacob. Excavations, carried out by the American School of Oriental Research and the Pittsburgh-Xenia Theological Seminary, suggest that Bethel may have been the actual scene of the events described in the Old Testament as having taken place at Ai during the Israelite conquest of Canaan. After the division of Israel, Jeroboam I (10th century BC) made Bethel the chief sanctuary of the northern kingdom (Israel), and the city was later the centre for the prophetic ministry of Amos. The city apparently escaped destruction by the Assyrians at the time of the fall of Samaria (721 BC), but it was occupied by Josiah of Judah (reigned c. 640–c.609 BC). (Brittanica.com)

Lees Genesis 28:10-22 oor Jakob se ontmoeting met God by Bet-El.



Figuur 1. Bet-El in 1894.



AMOS SE BOODSKAP

Amos het in die dorp Tekoa in Juda (15 km Suid van Jerusalem) gewoon toe hy in die omgewing van 750-721 vC geroep is om met sy boodskap na die Noordelike koninkryk van Israel te reis. Hy word geroep om in 'n tyd van wydverspreide voorspoed in die Noordelike ryk se hoof aanbiddingsplek, Bet-El te profeteer (waarskynlik tydens 'n godsdienstige fees).

- Amos spreek hom uit teen die onderdrukking van die armes en die behoeftiges. Daar word na hom as die profeet van "sosiale geregtigheid" verwys.
- Sy boodskap is ook heelwat later na die Babiloniese ballingskap (na 586 vC) redaksioneel deur die Deuteronomistiese skool verwerk. Sy eerste hoorders was waarskynlik Israeliete wat in die tyd van koning Jerobeam II se regering by die heiligdom in Bet-El gewoon het (Amos 4:4, 7:10-13).

Kom ons kyk na 'n paar belangrike temas in Amos wat in ons eie tyd resoneer.

1. Veroordeling van die nasies

Lees Amos 1-2

- Oordeel oor Damaskus. Koning Gasaal van Damaskus en sy seun, Ben Hadad die Israeliese gebied suid van Damaskus (Gilead) vernietig (lees 2 Konings 13:3-7).
- Oordeel oor Filistyne. Die aanklag het met slawerny te doen. Die Filistyne het op 'n tyd toe hulle Israel binnegeval het die mense as slawe verkoop (sien Joël 3:6,8 en Eksodus 21:16)
- Oordeel oor Tirus. Dit blyk dat daar eens 'n goeie verhouding tussen Israel en Tirus was, maar dat hulle ook van slawerny beskuldig word (2 Samuel 5:11, 1 Konings 5 en 1 Konings 9:13).

- Oordeel oor Edom. Die Edomite, wat nou aan Israel verwant was (Esau se nageslag) en het hulle aan Israel vergryp (Numeri 20:14, Deuter 2:4, 23:7, Obad 10,12). Hulle word veroordeel vir hulle voortdurende haat en onversoenlikheid
- Oordeel oor Ammon. Die Ammoniete het dikwels Israel binnegeval om hulle eie grondgebied uit te brei (Rigters 3:12-14, 10:7, 1 Samuel 11:1-11). Die “oopsny van die swanger vroue” kan ‘n aanduiding wees van die brutaliteit waarvoor hulle veroordeel word.
- Oordeel oor Moab. Hulle word veroordeel vanweë hulle gebrek aan respek vir die dooies (moontlik die liggaam van afgestorwe koning van Edom).
- Oordeel oor Juda. Die praktyk van afgodediens word veroordeel.
- Oordeel oor Israel. Nadat Amos al Israel se vyande veroordeel het, moes sy boodskap van oordeel tydens ‘n godsdiestige fees in Bet-El Israel hulle soos ‘n donderslag getref het. Amasia, die priester by Bet-El se reaksie is sprekend hiervan (Amos 7:10-13)
 - Slawerny van volksgenote (Amos 1:6,9). Rykes het regters omgekoop om die onskuldige arm man skuldig te verklaar (Amos 5:12). Lees Eksodus 23:6-7 asook 2 Konings 4:1-7 waarin ‘n aangrypende voorbeeld van hierdie onreg aangeteken is.
 - Die onderdrukking van minder bevoorregtes (Amos 2:6).
 - Immoraliteit (Amos 2:7). Dit gaan waarskynlik hier oor ‘n meisie wat vanweë haar pa se bankrotskap aan ‘n ryk persoon verkoop is. Dit gaan oor ‘n pa en seun wat die weerloosheid van ‘n slavin uitbuit terwyl hulle weet dat sy nie by die hof reg sal kan kry nie.
 - Godsdiens (Amos 2:8). Die toppunt van Israel se sonde is dat hulle in die midde van hierdie sosiale onreg in hulle midde ongehinderd en baie entoesiasties met hulle godsdiens aangaan (Amos 4:4-5, 5:21).

Met watter indruk laat hierdie inleidende gedeelte jou?

2. Rykdom en voorspoed

- Lees in Amos 2:6-8, 12-16.

Reg deur Amos se boodskap blyk dit dat die rykdom en voorspoed wat die volk opgebou het tot allerlei probleme aanleiding gegee het.

- Dit hulle ongevoelig gemaak teenoor mense wat deur die ekonomiese sisteem verarm is.
- Mense wat arm of gemarginaliseer is, is verder soos slawe verdruk met niemand vir namens hulle reg kan spreek nie.
- In plaas dat hulle godsdiens die onreg wat voor hulle uitspeel uitwys het dit hulle strewe na 'n groter rykdom en voorspoed versterk.
- Die mag wat voorspoed gebring het, het mense arrogant gemaak en aanleiding gegee tot immorele keuses.

3. Onreg

Die volk word deurgaans beskuldig dat hulle niks doen aan die onreg wat om hulle afspeel nie.

- Lees Amos 2:6-8, 3:10 asook 5:14-15

Waarom is God oor Israel besorg? Dit wil voorkom of daar iets groter op die spel is as net die behoud van die volk.

- Lees Amos 4:12-13

4. Kritiek op die volk se godsdienstigheid

Lees Amos 4:4-5 asook 5:21-24

- Wat probeer die Here oor die volk se godsdienstigheid by hulle huisbring?

Lees Amos 7:10-13

- Wat blyk uit hierdie konflik tussen Amos en Amasia, die hoof priester by Bethel?

Watter besef of aanvoeling bring Amos se boodskap by jou vandag oor ons eie tyd en omstandighede?